

# DIE 3 GROOT LEUENS WAT DIE DUIWEL WIL HÊ JY MOET GLO - ONTBLOOT!



## LEUN: WÊRELDSGOED BRING JOU GELUK

WAARHEID: Ware geluk is 'n gawe van God en nie iets wat die wêreld ons kan gee nie. Natuurlik het ons die dinge van hierdie wêreld ook nodig soos kos, geld, huisvesting, erkenning en allerhande aardse dinge. Verder speel vriende en familie ook 'n belangrike rol in ons lewens. Maar ons geluk is nie afhanklik van al hierdie dinge nie.

## LEUN: ONS NATUURLIKE INSTINKTE IS BOOS EN GEVAARLIK

WAARHEID: Ons natuurlike instinkte en verlangens is nie van nature boos nie. Ons moet wel ons natuurlike instinkte laat vorm deur ons geloof in Christus deur die werking van die Heilige Gees. So word ons nie net liggaamlik versadig nie maar ook geestelik vervul.

## LEUN: ONS MOET GOD SE LIEFDE VERDIEN

WAARHEID: Liefde is altyd 'n gawe wat in volle vryheid geskied. Liefde kan nooit verdien of gekoop word nie. God gee ons sy liefde vrylik sonder enige voorbehoud en Hy het ons juis vrygemaak sodat ons op ons beurt sy liefde vrylik kan beantwoord.

